**Belofte van afsondering tot die Here**

**Num 6:1-21**

**2 Mei 2021**

1. Tot dusver: Omdat die heilige Verbondsgod in die kamp is, moet die volk hulle afsonder en reinig deur (1) onrein persone uit die kamp te stuur, (2) sake van benadeling van ‘n volksgenoot bely en regstel, en (3) sake van agterdog, ook in die huwelik, voor God bring.
2. Nasireërs:
    a. Nasireërsbelofte = belofte van afsondering tot die Here
    b. Dis ‘n besondere (uitsonderlike) belofte, wat ‘n individu vrywillig aflê
    c. Enige lid van die volk, mans en vrouens, kon so ‘n gelofte aflê
    d. Periode van afsondering was tydelik, lengte is deur die individu bepaal
    e. Hierdie voorskrif het ooreenkomste en verskille met Nasireërs soos Simson (Rig 13:5)
3. Voorskrifte aan Nasireërs:
    a. Weerhou van wyn, bier, alle vrugte van die wingerdstok (vers 3)
        i. Moes nie denke bedwelm nie, weerhouding van voorregte wat rein is
        ii. Strenger voorskrif as wat vir priesters gegeld het (Lev 10:9)
    b. Moet sy hare vrylik laat groei vir die periode van belofte (vers 5)
        i. Hare was teken van sy wyding aan God (vers 7)
        ii. Soortgelyk aan die hoëpriester se kroon (Eks 29:6) en salfolie (Lev 21:12)
    c. Mag nie naby ‘n lyk kom nie (vers 6)
        i. Selfs nie die dooie liggame van sy pa, ma, broer of suster nie
        ii. Strenger voorskrif as vir die priesters (Lev 21:1-2), soortgelyk aan voorskrif vir die hoëpriester (Lev 21:11)
        iii. As hy wel onverwags verontreining is deur ‘n lyk, moes hy gereinig word, sy hare afskeer, offers bring en van voor begin met die periode van sy nasireërsbelofte (vers 9-12)
    d. Spesifieke voorskrifte vir die einde van die periode (verse 13-20) – moet wye reeks offers bring, hare afskeer en verbrand, kan vrywillig addisionele offers bring
4. Nuwe Testamentiese voorbeelde?
    a. Hand 18:18, Hand 21:23-24,26
5. Nuwe Testamentiese ekwivalent van nasireërsbelofte
    a. Nie ‘n formele roeping (soos dominee, ouderling) nie, vrywillige besluit van ‘n gelowige
    b. Nie algemene toewyding wat alle gelowiges aan moet deelneem nie (soos in Rom 12:1-2)
    c. Hierdie is ‘n spesiale, besondere, tydelike toewyding van ‘n gelowige
    d. Byvoorbeeld: Paulus se voorbereiding (Fil 4:10-13), spesifieke worsteling oor ‘n saak, kosteberekening van die prys van dissipelskap (Luk 14:26-27)
    e. Periode van toewyding is gedeeltelike weerhouding van voorregte, nie ‘n kloosterbestaan nie (Mat 6:16-17)
    f. So ‘n toewyding eis ‘n hoë prys – as jy jou hiertoe verbind, moet jy jou hierby hou (Pred 5:4)
    g. ‘n Nasireërsbelofte berei die individu voor vir aanbidding van God en effektiewe stryd om God se koninkryk.